**Hoofstuk 7: Ritme van Afrika**
**Hersieningstoets – Sinsoorte, Bywoordelike bepalings, Woordeskat en Redigering**

Lees die volgende teks deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



**Spore in Afrika**

**21 Junie**
WOW! Wat ‘n pragtige sonsopkoms vanoggend! Dit het ek uit die 4x4 dopgehou terwyl die veldwagter die verskillende diere vir ons gewys het. Dit voel my vriende en ek het ALLES gesien! Die **Groot Vyf** was daar, (3.1) die klein vyf het ons in die kampterrein *net noord van die hoofkamp* gesien en (3.2) die vlakvarke het *met **pronk**ende sterte* tot groot vermaak van almal deur die kampterrein gestap. Later vannaand vlieg ons Noordkus toe. Wie sien dan nou nie uit na die juwele van KwazuluNatal nie? (3.4)Sorg net dat jy nie die vliegtuig *na Durban* verpas nie!

**22 Junie**
Dis nou laataand. Ek voel soos ’n bederfde kind.Wat ’n dag! Dit was vol **opwinding** en pret en dan het ek nog op die koop toe baie geleer ook! (3.3) Eers was daar die riksja-rit *net voor sonopkoms*. Ons drywer het ’n reuse kopstuk vol krale en vere gedra en die waentjie was versier met krale en spieeltjies wat in die son geflits het. Dit was opwindend en (3.5) ons het **gejil** van plesier *elke keer* as hy so hoog spring! Toe was dit die dolfyne wat op die water dans, deur die hoepels spring en die kos saggies uit die werkers se hande neem by die USjaka **oseanarium**. En dan die smullekker kerriekos terwyl ons oor die see uitkyk waar die dolfyne agter die sardiens aanspring en in die laatmiddagson **baljaar**! Ja, dit was voorwaar ’n dag om te onthou ... Een wat ek nie gou sal vergeet.

**1.** Skryf ’n voorbeeld van elk van die volgende sinsoorte uit die teks neer:
1.1 Vraagsin
1.2 Uitroepsin
1.3 Bevelsin
1.4 Stelsin (4)

**2.** Pas die verklaring in Kolom B by die woord in Kolom A. Skryf slegs die verklaring langs die nommer van die antwoord neer.

| | **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 2.1 | pronk | leeu, olifant, buffel, swartrenoster, luiperd |
| 2.2 | opwinding | hard uitskree/gekskeer |
| 2.3 | gejil | luidrugtig rondspeel |
| 2.4 | oseanarium | spanning |
| 2.5 | Groot Vyf | groot akwarium met seewater en -diere |
| 2.6 | baljaar | spog |

(6)

**3.** Skryf die bywoordelike bepaling in die onderstreepte sinne (3.1 – 3.5) neer en dui aan of dit ’n bepaling van tyd, wyse of plek is. (5)

**4.** Verbeter die taal- en spelfoute in elk van die volgende sinne. Skryf die sinne korrek oor.
4.1 Later vannaand vlieg ons Noordkus toe.
4.2 Die waentjie was versier met krale en spieeltjies wat in die son geflits het.
4.3 Ek voel soos ’n bederfde (*spoiled*) kind.
4.4 Een wat ek nie gou sal vergeet.
4.5 Dit voel my vriende en ek het alles gesien. (5)

**Totaal: 20**

**Hoofstuk 7: Ritme van Afrika - MEMORANDUM**
**Hersieningstoets – Sinsoorte, Bywoordelike bepalings, Woordeskat en Redigering**

1. Skryf ’n voorbeeld van elk van die volgende sinsoorte uit die teks neer:
1.1 **Vraagsin**: *Wie sien dan nou nie uit na die juwele van KwazuluNatal nie?*
1.2 **Uitroepsin**: *Wow! Wat ‘n pragtige sonsopkoms!/Wat ’n dag!/Dit was opwindend en ons het gejil van plesier elke keer as hy so hoog spring!/Dit voel my ek het alles gesien!*
1.3 **Bevelsin**: *Sorg net dat jy nie die vliegtuig verpas nie!*
*1.4* **Stelsin**: *Verskeie in die teks, bv.*
*Dit het ek uit die 4x4 dopgehou ...*
*Die Groot Vyf was daar ...*
*Dis nou laataand ...* (4)

2 Pas die verklaring in Kolom B by die woord in Kolom A. Skryf slegs die verklaring langs die nommer van die antwoord neer.

| | **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 2.1 | pronk | *spog* |
| 2.2 | opwinding | *spanning* |
| 2.3 | gejil | *hard uitskree/gekskeer* |
| 2.4 | oseonarium | *groot akwarium met seewater en -diere* |
| 2.5 | Groot Vyf | *leeu, olifant, buffel, swartrenoster, luiperd* |
| 2.6 | baljaar | *luidrugtig rondspeel* |

(6)

3 Skryf die bywoordelike bepaling in elke sin neer en dui aan of dit ’n bepaling van tyd, wyse of plek is:
3.1 net noord (van die hoofkamp) = *bywoordelike bepaling van plek*
3.2 met pronkende sterte = *bywoordelike bepaling van wyse*
3.3 net voor sonopkoms = *bywoordelike bepaling van tyd*
3.4 na Durban = *bywoordelike bepaling van plek*
3.5 elke keer = *bywoordelike bepaling van tyd*

(5)

4 Verbeter die taal- en spelfoute in elk van die volgende sinne. Skryf die sinne korrek oor.
4.1 Later ***vanaand*** vlieg ons Noordkus toe.
4.2 Die waentjie was versier met krale en ***spieëltjies*** wat in die son geflits het.
4.3 Ek voel soos ’n ***bedorwe*** (spoiled) kind. (bederde vrugte)
4.4 Een wat ek nie gou sal vergeet ***nie***. (dubbele nie in Afrikaans)
4.5 Dit voel ***ek en my vriende*** het alles gesien. (Ek kom eerste in Afrikaans)

(5)

**Totaal: 20**